Remgro Beperk

Registrasienommer 1968/006415/06
ISIN ZAE000026480 Aandelekode REM

TUSSENVERSLAG
VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 30 SEPTEMBER 2002

Toename in wesensverdienste per aandeel: +31.7%

Toename in tussendividend per aandeel: +20.5%

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT

	Ongeouditeer 30 September 2002 R miljoen	2001 R miljoen	Geouditeer 31 Maart 2002 R miljoen
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	**2 976**	2 032	2 056
Beleggingseiendomme	**20**	21	20
Klandisiewaarde en handelsmerke	**2 652**	2 760	2 687
Beleggings – Geassosieerde maatskappye	**18 165**	14 318	16 958
– Ander	**83**	115	115
Lenings	**279**	24	12
Uitgestelde belasting	**68**	9	17
	24 243	19 279	21 865
Bedryfsbates	**4 943**	4 089	4 435
Kontant en kontantekwivalente	**2 650**	2 195	2 697
Ander bedryfsbates	**2 293**	1 894	1 738
Totale bates	**29 186**	23 368	26 300
EKWITEIT EN LASTE			
Kapitaal en reserwes			
Belang van eie lede	**25 518**	21 116	24 047
Minderheidsbelang	**2 039**	833	945
Totale aandeelhouersekwiteit	**27 557**	21 949	24 992
Nie-bedryfslaste	**250**	274	210
Aftreevoordele	**63**	44	74
Langtermyn rentedraende lenings	**97**	159	41
Uitgestelde belasting	**90**	71	95
Bedryfslaste	**1 379**	1 145	1 098
Korttermyn rentedraende lenings	**32**	113	110
Ander bedryfslaste	**1 347**	1 032	988
Totale ekwiteit en laste	**29 186**	23 368	26 300
Netto batewaarde per aandeel (Rand) (toeskryfbaar aan eie lede)			
– Teen boekwaarde	**R49.03**	R40.45	R46.07
– Met inagname van markwaardes/ direkteurswaardasies van beleggings en genoteerde filiaalmaatskappye	**R92.17**	R76.66	R89.50

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

	Ongeouditeer Ses maande geëindig 30 September 2002 R miljoen	2001 R miljoen	Geouditeer Jaar geëindig 31 Maart 2002 R miljoen
Saldo op 1 April – soos voorheen gerapporteer	**24 047**	19 536	19 536
Aansuiwerings ten opsigte van vorige jare	**–**	(149)	(149)
Aangesuiwerde saldo op 1 April	**24 047**	19 387	19 387
Netto wins	**3 024**	1 619	3 507
Dividende betaal	**(1 215)**	(553)	(934)
Wisselkoersaanpassings	**215**	774	2 131
Verandering in reserwes van geassosieerde maatskappye	**(448)**	(124)	(70)
Aandele deur volfiliaal teruggekoop (tesourie aandele)	**(109)**	–	–
Langtermyn aansporingskema-reserwe	**7**	12	25
Ander	**(3)**	1	1
Belang van eie lede	**25 518**	21 116	24 047

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

	Ongeouditeer Ses maande geëindig 30 September 2002 R miljoen	2001 R miljoen	Geouditeer Jaar geëindig 31 Maart 2002 R miljoen
Omset van die maatskappy en sy filiale	**5 819**	4 262	8 441
Bedryfswins voor waardevermindering	**683**	347	975
Waardevermindering	**(100)**	(93)	(184)
Finansieringskoste	**(16)**	(27)	(58)
Wins uit normale bedrywighede	**567**	227	733
Amortisasie van klandisiewaarde	**(70)**	(69)	(138)
Waardedaling van bates	**(14)**	–	–
Uitsonderlike items	**989**	(6)	(20)
	1 472	152	575
Belasting	**(201)**	(56)	(172)
Wins na belasting van die maatskappy en sy filiale	**1 271**	96	403
Belang in na-belaste wins van geassosieerde maatskappye	**2 058**	1 570	3 255
– Wins uit normale bedrywighede	**2 306**	1 781	3 881
– Amortisasie van klandisiewaarde	**(163)**	(122)	(276)
– Waardedaling van klandisiewaarde	**(50)**	–	–
– Uitsonderlike items	**(35)**	(89)	(350)
Groepwins na belasting	**3 329**	1 666	3 658
Minderheidsbelang	**(305)**	(47)	(151)
Netto wins	**3 024**	1 619	3 507
Wesensverdienste rekonsiliasie:			
Basiese verdienste – Netto wins	**3 024**	1 619	3 507
Plus/(minus) – gedeelte toeskryfbaar aan eie lede:			
– Amortisasie van klandisiewaarde	**226**	191	414
– Waardedaling van klandisiewaarde en bates	**58**	–	–
– Uitsonderlike items	**(805)**	94	351
– Netto oorskot, na belasting, met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(8)**	(8)	(35)
– Ander	**–**	–	15
Wesensverdienste	**2 495**	1 896	4 252
Segmentontleding – Wesensverdienste			
Handelsmerkbelange	**1 375**	966	2 167
Finansiële dienste	**507**	484	958
Nywerheidsbelange	**316**	203	570
Mynbelange	**153**	137	306
Korporatiewe finansies en ander belange	**144**	106	251
	2 495	1 896	4 252

VERDIENSTE EN DIVIDENDE PER AANDEEL

	30 September 2002 Sent	2001 Sent	31 Maart 2002 Sent
Wesensverdienste	**478.2**	363.2	814.5
Basiese verdienste	**579.6**	310.2	671.8
Dividende			
Gewoon	**88.00**	73.00	206.00
– Tussen	**88.00**	73.00	73.00
– Finaal			133.00
Spesiaal			100.00

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

	Ongeouditeer Ses maande geëindig 30 September 2002 R miljoen	2001 R miljoen	Geouditeer Jaar geëindig 31 Maart 2002 R miljoen
Kontant uit bedrywighede voortgebring/(benut)	**300**	(60)	688
Dividende ontvang	**1 470**	1 161	1 627
Dividende betaal	**(1 239)**	(564)	(968)
Belasting betaal	**(125)**	(59)	(111)
Netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite	**406**	478	1 236
Beleggingsaktiwiteite	**19**	(52)	(201)
Finansieringsaktiwiteite	**(471)**	(138)	(158)
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	**(46)**	288	877
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk	**2 677**	1 800	1 800
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk	**2 631**	2 088	2 677
Kontant en kontantekwivalente – per balansstaat	**2 650**	2 195	2 697
Oortrokke bankrekeninge	**(19)**	(107)	(20)

ADDISIONELE INLIGTING

	30 September 2002	2001	31 Maart 2002
Aantal aandele uitgereik			
– Gewone aandele van 1 sent elk	**486 493 650**	486 493 650	486 493 650
– Ongenoteerde B-gewone aandele van 10 sent elk	**35 506 352**	35 506 352	35 506 352
Totale aantal aandele uitgereik	**522 000 002**	522 000 002	522 000 002
Tesourie aandele teruggekoop			
– Gewone aandele van 1 sent elk	**(1 567 908)**	–	–
	520 432 094	522 000 002	522 000 002
Geweegde aantal uitgereikte aandele	**521 726 610**	522 000 002	522 000 002

– In die berekening van die wesens- en basiese verdienste per aandeel is die geweegde aantal uitgereikte aandele in berekening gebring.

	30 September 2002 R miljoen	2001 R miljoen	31 Maart 2002 R miljoen
Genoteerde beleggings			
Geassosieerd			
– Boekwaarde	**6 471**	6 282	6 766
– Markwaarde	**10 188**	10 575	10 786
Ander			
– Boekwaarde	**18**	50	50
– Markwaarde	**44**	145	136
Ongenoteerde beleggings			
Geassosieerd			
– Boekwaarde	**11 694**	8 036	10 192
– Direkteurswaardasies	**32 875**	23 118	30 895
Ander			
– Boekwaarde	**65**	65	65
– Direkteurswaardasies	**74**	73	73
Toevoegings tot en vervanging van eiendom, aanleg en toerusting	**132**	95	185
Kapitaalverpligtinge (Ingesluit bedrae gemagtig, maar nog nie gekontrakteer nie)	**363**	85	112

ADDISIONELE INLIGTING (vervolg)

	30 September 2002 R miljoen	30 September 2001 R miljoen	31 Maart 2002 R miljoen
Dividende ontvang			
Dividende ingesluit by bedryfswins	**8**	7	8
Dividende vanaf geassosieerde maatskappye teen beleggings verreken	**1 462**	1 003	1 469
Rente ontvang			
Vanaf ongenoteerde beleggings en deposito's (Ingesluit by bedryfswins)	**183**	97	235
Uitsonderlike items			
Uitsonderlike items van filiaalmaatskappye is soos volg saamgestel:			
Netto kapitaalsurplus/(-verlies) met verkoop van beleggings en besighede	**1 001**	(3)	(18)
Afleggingskoste	**(12)**	–	–
Ander	**–**	(3)	(2)
Totaal voor belasting – per inkomstestaat	**989**	(6)	(20)
Belasting	**(36)**	–	18
Totaal na belasting	**953**	(6)	(2)
Belang in uitsonderlike items van geassosieerde maatskappye – per inkomstestaat	**(35)**	(89)	(350)
Herstruktureringskoste	**(23)**	(136)	(148)
Afleggingskoste	**(47)**	–	–
Netto kapitaalsurplus/(-verlies) met verkoop van beleggings en besighede	**12**	–	(250)
Ander	**(1)**	4	(19)
Belasting uitwerking	**22**	43	65
Toeskryfbaar aan minderhede van geassosieerde maatskappye	**2**	–	2
	918	(95)	(352)
Toeskryfbaar aan minderhede	**(146)**	1	1
Toeskryfbaar aan eie lede	**772**	(94)	(351)

KOMMENTAAR

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die tussenverslag word hoofsaaklik volgens die historiese kostegrondslag ooreenkomstig Suid-Afrikaanse Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk opgestel en inkorporeer rekeningkundige beleid wat, met die uitsondering van die verantwoording van beleggingseiendomme, werknemervoordele en die maatskappy se langtermyn aandele-aansporingskema (die "skema"), in ooreenstemming is met dié van die vorige finansiële tydperke.

2. VORIGE JAAR AANSUIWERINGS

Verandering in rekeningkundige beleid – huidige tydperk

Die rekeningkundige beleid ten opsigte van die maatskappy se langtermyn aandele-aansporingskema is verander.

In die verlede is die verwaterde wesens- en basiese verdienste per aandeel gebaseer op die geweegde aantal uitgereikte aandele na aanpassing vir die verwateringseffek van aandele wat aan deelnemers van die skema uitgereik sou word. Die trustees van die aandeletrust het intussen besluit om aandele vir hierdie doel eerder in die ope mark aan te koop en 3 950 000 aandele is in Junie 2002 aangekoop.

Die beraamde koste van die skema, na inagname van dividende ontvang op die betrokke aandele, word gelykmatig oor 'n tydperk van vier jaar teen inkomste en wesensverdienste verantwoord, met 'n ooreenstemmende krediet teen ekwiteit. Die vergelykende syfers is hersaamgestel ten opsigte van die gedeelte wat toedeelbaar is aan die verstreke tydperke. Die uitwerking van die verandering in rekeningkundige beleid op die wesensverdienste en wesensverdienste per aandeel was soos volg:

WESENSVERDIENSTE	30 September 2002 R miljoen	30 September 2001 R miljoen	31 Maart 2002 R miljoen
Voorheen gerapporteer		1 908	4 277
Skemakoste toedeelbaar in die tydperk	**7**	12	25
Hersaamgestelde wesensverdienste		1 896	4 252

WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL	30 September 2002 Sent	30 September 2001 Sent	31 Maart 2002 Sent
Voorheen gerapporteer		365.5	819.3
Skemakoste toedeelbaar in die tydperk	**1.3**	2.3	4.8
Hersaamgestelde wesensverdienste per aandeel		363.2	814.5

Verandering in rekeningkundige beleid – 2002 finansiële jaar

Soos in Remgro se 2002 jaarverslag gerapporteer, is die rekeningkundige beleid ten opsigte van die verantwoording van beleggingseiendomme gedurende die 2002 finansiële jaar verander om te voldoen aan die gewysigde Suid-Afrikaanse Standpunt oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (RE 135). Gedurende 2002 het die groep ook RE 116 (hersien), ten opsigte van werknemervoordele, geïmplementeer.

Die uitwerking op verdienste vir die ses maande geëindig 30 September 2001 was nie wesentlik nie, derhalwe is die vergelykende inkomstestaat nie hersaamgestel nie. Die balansstaat op 30 September 2001 is soos hieronder hersaamgestel:

	30 September 2001 R miljoen
Balansstaat	
Afname in eiendom, aanleg en toerusting en beleggingseiendomme	5
Afname in beleggings	18
Afname in belang van eie lede	33
Afname in minderheidsbelang	6
Toename in laste	16

3. RESULTATE

Sekere balansstaat- en inkomstestaatitems is nie op 'n lyn-vir-lyn basis direk vergelykbaar met dié van die vorige finansiële tydperke nie, as gevolg van:

a) die konsolidasie van Medi-Clinic Korporasie Beperk (Medi-Clinic) as 'n filiaalmaatskappy vanaf 1 April 2002, terwyl dit voorheen as 'n geassosieerde maatskappy geëkwiteer was, en

b) die ekwitering van die belang in Unilever Bestfoods Robertsons vanaf 1 April 2002, terwyl die belang in die vorige Bestfoods Robertsons gesamentlike onderneming in die verlede proporsioneel gekonsolideer was.

– Wesensverdienste per aandeel

Wesensverdienste per aandeel het met 31.7%, van 363.2 sent tot 478.2 sent gestyg.

Die bydrae van die tabakbelange, wat vir die tydperk onder oorsig 54.3% (2001: 50.1%) van totale wesensverdienste verteenwoordig het, het met 42.8% toegeneem. 'n Wesentlike deel van hierdie styging kan toegeskryf word aan die verswakking van die rand teenoor die pond. Daar moet op gelet word dat inkomste nie noodwendig eweredig oor die jaar verdien word nie en die wisselkoerseffek, as gevolg van die onlangse versterking van die rand, moontlik nie tot dieselfde mate in die tweede ses maande van die jaar tot 31 Maart 2003 herhaal sal word nie.

Die bydrae van die finansiële dienste, wat 20.3% (2001: 25.5%) van totale wesensverdienste verteenwoordig, het met 4.8% toegeneem. Die gesamentlike bydrae van FirstRand Beperk en RAB Beherend Beperk tot wesensverdienste het slegs met 2.2% toegeneem, as gevolg van 'n wisselkoersvoordeel gedurende die vergelykbare tydperk. ABSA Groep Beperk (ABSA) het verdienstegroei van 15.7% behaal.

Nywerheidsbelange se totale bydrae het met 55.4% toegeneem, hoofsaaklik danksy die goeie vertoning van, onder andere, Rainbow Chicken Beperk, Dorbyl Beperk en die verpakkingsbelange.

Weens 'n skerp styging in Trans Hex Groep Beperk se wesensverdienste het die bydrae van mynbelange met 12% toegeneem.

Medi-Clinic het sy stewige verdienstegroei voortgesit met 'n styging van 25%.

– Basiese verdienste per aandeel

Basiese verdienste, ná uitsonderlike items en amortisasie van klandisiewaarde, het van 310.2 sent tot 579.6 sent per aandeel gestyg. Hierdie styging sluit in die kapitaalsurplus wat ontstaan het met die Robertsons-Unilever-transaksie, asook die samesmelting van Malbak Beperk en Nampak Beperk (Nampak).

4. OMSET

– van die maatskappy en sy filiale	30 September 2002 R miljoen	30 September 2001 R miljoen	31 Maart 2002 R miljoen
Omset is nie direk vergelykbaar met dié van die vorige tydperke nie soos die onderstaande ontleding aantoon:			
Bedryfsomset			
– Medi-Clinic (gekonsolideer vanaf 1 April 2002)	**1 378**	–	–
– Bestfoods Robertsons gesamentlike onderneming (proporsioneel gekonsolideer tot 31 Maart 2002)	**–**	944	1 866
– Ander filiale	**2 788**	2 203	4 863
Dividende en rente	**1 653**	1 115	1 712
Totale omset	**5 819**	4 262	8 441

Weens die aard en samestelling van die groep is segmentinligting ten opsigte van omset nie sinvol nie.

5. TABAK

Remgro se tabakbelange word verteenwoordig deur 'n een-derde aandeelhouding in R&R Holdings, Luxembourg, (R&R). Die ander tweederdes word deur Compagnie Financière Richemont AG (Richemont) gehou.

In die tydperk onder oorsig het R&R sy effektiewe belang van 31.50% (2001: 31.53%) in British American Tobacco Plc (BAT) vir die volle sesmaande-tydperk geëkwiteer. Soos verlede jaar, is R&R se belang in BAT se verdienste vir die ses maande tot 30 September 2002 gebaseer op die resultate vir die negemaande-tydperk tot 30 September 2002 min die resultate vir die kwartaal tot 31 Maart 2002.

Na aansuiwering vir uitsonderlike items en amortisasie van klandisiewaarde, is R&R se bydrae tot Remgro se wesensverdienste soos volg:

	Ses maande tot September 2002 £ miljoen	Ses maande tot September 2001 £ miljoen
R&R se deel van die aangesuiwerde toeskryfbare inkomste van BAT vir die ses maande tot 30 September	**256**	241
R&R se ander inkomste	**3**	2
R&R se wesensverdienste vir die ses maande tot 30 September	**259**	243
Remgro se 33.33%-belang daarin	**86**	81
	R miljoen	R miljoen
Omgereken teen 'n gemiddelde £/R-koers van 15.7012 (2001: 11.7415)	**1 355**	949

BAT het goed vertoon in die onlangs gerapporteerde nege maande tot einde September en die aangepaste verwaterde verdienste per aandeel het met 8% toegeneem vanaf 45.80 pennies tot 49.47 pennies. Verkoopsvolumes vir die tydperk het 579.3 miljard (2001: 602.0 miljard) sigarette bedra. BAT se vier wêreldhandelsmerke Lucky Strike, Kent, Dunhill en Pall Mall, het egter groei van 9% in verkope getoon.

Winste in die Amerika-Pasifiese streek het in die negemaande-tydperk met 4% tot £769 miljoen toegeneem. BAT se bedrywighede in die Verenigde State het verbeter, beide sover dit markaandeel en winste betref, terwyl sterk volumegroei in Suid-Korea meer as vergoed het vir die laer volumes in Kanada. Vir die hele streek was volumes 2% hoër op sowat 80 miljard sigarette.

In Europa is 'n winsgroei van 6% tot £412 miljoen behaal as gevolg van goeie vertonings in Duitsland, Rusland, Oekraïne, Frankryk en Switserland. Volumes was in ooreenstemming met dié van die vorige jaar.

In die Asië-Pasifiese streek was die wins 5% laer, hoofsaaklik as gevolg van merkbare laer doeanevry-verkoopsvolumes, terwyl die sterk devaluasie van die Suid-Afrikaanse rand, die koste om bedrywighede in Turkye te vestig en laer doeanevry-verkope in die streke van Afrika en die Midde-Ooste bygedra het tot 'n winsdaling van 18% tot £45 miljoen.

BAT se besighede in Latyns-Amerika het goed vertoon in uitsonderlike moeilike ekonomiese omstandighede. Ondanks die devaluasie van geldeenhede in verskeie lande het die wins slegs met 4% gedaal, terwyl volumes met 6% afgeneem het.

6. BELEGGINGS

Die belangrikste veranderinge sedert 1 April 2002 was soos volg:

Terugkoop van Remgro-aandele

Gedurende die tydperk onder oorsig het Remgro se volfiliaalmaatskappy, Remgro Investments (Eiendoms) Beperk, 1 567 908 gewone Remgro-aandele (0.32% van die uitgereikte gewone aandele van 1 sent elk) wat as tesourie aandele gehou word, vir 'n totale bedrag van R109.1 miljoen aangekoop. Dit het nie 'n wesentlike uitwerking op verdienste of verdienste per aandeel gehad nie.

Medi-Clinic Korporasie Beperk (Medi-Clinic)

Die belang in Medi-Clinic was 52.2% op 30 September 2002. Die belang bo 50% was voorheen as tydelik geag weens personeelopsies wat uitgeoefen kon word en die belang dus tot minder as 50% sou verwater. Weens die terugkoop van aandele deur Medi-Clinic, sal dié verwagte verwatering tot minder as 50% waarskynlik nie plaasvind nie en gevolglik is Medi-Clinic vanaf 1 April 2002 as 'n filiaalmaatskappy gekonsolideer.

Standard Bank Investment Corporation Beperk (Stanbic)

Die 3.1 miljoen Stanbic-aandele wat in April 2000 by wyse van 'n dividend in spesie uit Gencor Beperk se ontbondeling ontvang is, is gedurende Mei 2002 vir R110.6 miljoen verkoop.

FirstRand Beperk (FirstRand)

'n Verdere belegging van R111 miljoen is gedurende Mei 2002 in FirstRand gemaak. Op 30 September 2002 was Remgro se direkte belang in FirstRand 9.6%.

Malbak Beperk (Malbak)

Die reëlingskema tussen Malbak en sy aandeelhouers is op 14 Augustus 2002 deur die Hooggeregshof van Suid-Afrika bekragtig. Kragtens die skema het Remgro 74 374 104 Nampak-aandele en R167.7 miljoen in kontant ontvang in ruil vir sy Malbak-aandele. Sedertdien het Remgro 'n verdere belegging van R159.0 miljoen in Nampak gemaak. Op 30 September 2002 was Remgro se belang in Nampak 13.6%.

Die resultate van Malbak is vir die vier maande tot 31 Julie 2002 en dié van die vergrote Nampak vir die twee maande tot 30 September 2002 volgens die ekwiteitsmetode verantwoord.

Universa (Eiendoms) Beperk (Universa)

Op 20 Augustus 2002 het die Mynwerknemers Pensioenfonds en Sentinel Mynindustrie Aftreefonds (gesamentlik die MPFe), Sage Groep Beperk (Sage) en Financial Securities Beperk (FSL), 'n volfiliaal van Remgro, (gesamentlik die Universa-aandeelhouers) en Sanlam Beperk (Sanlam) bekend gemaak dat hulle die ooreenkomste tussen hulle ten opsigte van hulle belange in ABSA herstruktureer het.

Die Universa-aandeelhouers is van voorneme om die totale aandeelhouding van Universa in ABSA te ontbondel, wat tot gevolg sal hê dat hulle hul ABSA-aandele regstreeks besit, en het 'n ooreenkoms gesluit om die ontbondeling te fasiliteer. Hierbenewens het FSL, die MPFe en Sanlam 'n nuwe ABSA-aandeelhouersooreenkoms aangegaan. Sage het verkies om hom aan die bestaande ABSA-aandeelhouersooreenkoms te onttrek en neem nie deel aan die nuwe ABSA-aandeelhouerspoel nie.

Sedert 30 September 2002:

Hunt Leuchars & Hepburn Holdings Beperk (HL&H)

Die reëlingskemas waarvolgens Industrial Partnership Investments Beperk (IPI) al die gewone en voorkeuraandele wat hy nog nie in HL&H besit het nie, sou verkry, is op 22 Oktober 2002 deur die Hooggeregshof van Suid-Afrika bekragtig.

Die notering van HL&H-aandele op die JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika is op 28 Oktober 2002 beëindig. Kragtens die reëlingskemas het IPI op 4 November 2002 60.0 miljoen HL&H gewone aandele en 37.9 miljoen HL&H voorkeuraandele verkry vir 'n totale bedrag van R952.1 miljoen. HL&H is nou 'n volfiliaal van Remgro.

DIREKSIE

Mnr P J Erasmus het op 28 Augustus 2002 as 'n nie-uitvoerende direkteur afgetree.

DIVIDENDE

Hiermee word kennis gegee dat 'n tussendividend van 88 sent (2001: 73 sent) per aandeel verklaar is ten opsigte van beide die gewone aandele van een sent elk en die ongenoteerde B-gewone aandele van tien sent elk, vir die halfjaar wat op 30 September 2002 geëindig het.

Belangrike datums:

Laaste dag van verhandeling ten einde vir die tussendividend te kwalifiseer	Vrydag, 10 Januarie 2003
Verhandelinge op of na hierdie datum sal met uitsluiting van die tussendividend wees	Maandag, 13 Januarie 2003
Rekorddatum	Vrydag, 17 Januarie 2003
Betaaldatum	Maandag, 20 Januarie 2003

Aandeelhouers wat op die betaaldatum steeds gesertifiseerde aandele hou, se dividende sal volgens bestaande opdragte elektronies oorbetaal word in hul bankrekeninge of anders sal tjeks na hulle geregistreerde adresse gepos word.

Dividende ten opsigte van gedematerialiseerde aandele word gekrediteer na aandeelhouers se rekeninge by hul Sentrale Effektebewaardeelnemer (CSDP) of makelaar.

Aandeelhouers mag nie in die periode van Maandag, 13 Januarie 2003 tot Vrydag, 17 Januarie 2003, beide datums ingesluit, hulle aandeelsertifikate dematerialiseer/rematerialiseer nie.

Geteken namens die raad van direkteure.

Johann Rupert
Voorsitter

Thys Visser
Hoofuitvoerende beampte/Ondervoorsitter

Stellenbosch
21 November 2002

DIREKSIE EN ADMINISTRASIE

Direkteure: Johann Rupert* *(Voorsitter)*, M H Visser *(Ondervoorsitter/Hoofuitvoerende beampte)*, P E Beyers*, W E Bührmann, G D de Jager*, J W Dreyer*, D M Falck, P K Harris*, E de la H Hertzog*, E Molobi*, J F Mouton*, J A Preller (Mev), F Robertson*, P G Steyn*, T van Wyk *(*Nie-uitvoerend)*

Sekretaris: M Lubbe (Mev)

Notering: JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika
Sektor: Finansieel – Beleggingsmaatskappye

American depositary receipt (ADR) program:
Cusip nommer 75956M107
ADR tot gewone aandeel 1:1

Depositaris:
The Bank of New York, 620 Avenue of the Americas, New York NY 10011

Sake-adres en geregistreerde kantoor:
Carpe Diem Kantoorgebou, Quantumstraat, Tegnopark, Stellenbosch 7600
(Posbus 456, Stellenbosch 7599)

Oordragsekretarisse:
Computershare Investor Services Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg 2001
(Posbus 61051, Marshalltown 2107)

Ouditeure: PricewaterhouseCoopers Ing., Stellenbosch

Borg: Rand Aksepbank Korporatiewe Finansiering

Webwerf: **www.remgro.com**

GRAPHICOR 28321